

AFDELING C.

'N KRITIESE BESPREKING VAN DIE HUIDIGE DOEL,  
INHOUD EN METODE VAN DIE KUNSOPVOEDING AAN DIE  
TRANSVAALSE LAERSKOOLO.

HOOFSTUK VII.

'N KRITIESE BESPREKING VAN DIE DOEL VAN DIE  
KUNSOPVOEDING.

1. Inleiding.

Sterk kritiek word vandag teen die kunsonderrig van die verlede uitgebring en wel omdat dit geen verband met die lewe buitekant die skool hou nie. Die moderne opvatting van die kunsonderrig is 'n antitese van dié van die verlede. Dit spruit uit die algemene neiging in die opvoeding om elke onderwerp in 'n meer direkte verband met die kind se lewe te bring. Die bydrae van die individu ter bevordering van die gemeenskapslewe word nou op die voorgrond geplaas. In die kunsonderrig word nou die skeppende in plaas van die waarnemende aktiwiteit beklemtoon. Maar hierdie omwenteling het op sy beurt nuwe probleme meegebring.

Die huidige kunsopvoeding kan in twee algemene rigtings verdeel word, naamlik die naturalistiese en die ekspressionistiese of dikwels ook die moderne rigting genoem. Laasgenoemde kan egter weer in minstens twee ondervertakkings verdeel word wat deur verskillende standpunte ten opsigte van basiese beginsels gemotiveer word: die een sal die gevoel en die onder die intellek in die skeppingsaktiwiteit beklemtoon. Die een persoon volg die idee van vrye uiting sonder inmenging van die kant van die onderwyser; die ander, hoewel hy in beginsel met die eerste saamstem, beweer dat die kind se belangstelling en verbeelding eers deur die verskaffing van

funksionele kennis geprikkel moet word.

Die lys van naslaanboeke wat in die offisiële leerplan vir raadpleging aanbeveel word, bestaan uit werke wat op uiteenlopende standpunte gebaseer is.<sup>1)</sup> In ons kritiese bespreking van die doel moet ons dus nie alleen op die offisiële standpunt nie maar ook op die tradisionele vertolking daarvan in die praktyk ingaan. Die probleem is dus vervolgens om uit te vind in watter mate die huidige doelstelling 'n herorganisasie van die vak regverdig.

## 2. Die Skeppende Uiting as Doelstelling in die Moderne Kunsopvoeding.

Die huidige doelstelling is op die kind se aangebore skeppingsvermoë gebaseer. Dit is dié aspek wat tot dusver deur die kunsonderwys verwaarloos is en wat antiteties teenoor die ou opvatting van waarneming en reproduksie van skoonheid in die natuur staan. Die kuns moet nou as 'n skepping van skoonheid beskou word.

Volgens die leerplan van 1948 (tot op datum die jongste leerplan) is die algemene oogmerk van kunsvlyt „nie om kinders as kunstenaars en handwerksmanne op te lei nie, maar wel om alle kinders die geleentheid te gee om hulself skeppenderwys tot uiting te bring,” want "die drang om dinge te maak is een van die mees algemeen erkende eienskappe van die kinderjare."<sup>2)</sup> Die leerplan wys verder daarop dat die doel moet wees om mooi en nuttige dinge te maak, waarby ontwerp en materiaal wat gebruik word, van die grootste belang is.

Die doel is dus die toepassing van skepping, uiting en ontwerp op die maak van mooi en nuttige dinge.

### a. Skepping: die Basis van die Doelstelling.

Elke kind, net soos die volwassene, besit die drang en vermoë om te skeep. Hierdie oortuiging vorm die uitgangspunt en basis van die moderne kunsopvoeding. Die term skepping word egter op twee verskillende maniere

---

1. T.O.D. Voorgestelde Leerplanne vir Grade tot Standaard VIII, 218 - 223.  
2. T.a.p., 196.

geïnterpreteer:

(i) Ontwerpte skepping; intuïsme: Die moderne kunsopvoeding in Transvaal is geneig om die skeppingsaktiwiteit tot die uiterste te dryf en om die woord „skepping” in 'n absolute sin te gebruik, naamlik om iets uit niks te skep. So beweer Pearson: „To create means to produce, to bring into being from nothing.”<sup>1)</sup> Hy noem dan ook die moderne kunsopvoeding die skool van ontwerpte skepping in teëstelling met die naturalistiese skool. Inhoud word voor vorm geplaas en ontwerp is die middel waardeur 'n skepping moontlik gemaak en waardeur orde uit chaos geskep kan word. Die drang om te skep, is by die mens aangebore; die omgewing en die medium bind hom nie.<sup>2)</sup> Dit is egter opvallend dat Pearson in die praktiese toepassing van sy beskouing hom nie konsekwent by sy standpunt bepaal nie. Die mens is in sy skeppingsaktiwiteit altyd afhanklik van die gebruik en aanwending van bestaande materiale; gevolglik gebruik Pearson die begrip skepping meer in die sin van uitvinding. Dit is 'n anomalie waaraan die moderne kunsopvoeding in Transvaal hom in sy geheel skuldig maak. Om dié rede waarsku Read dat dit beter sou wees om die woord skepping heeltemal te vermy, tensy die teks dit absoluut duidelik stel dat ons dit nie in 'n letterlike sin gebruik nie.<sup>3)</sup> Pearson se bewering dat die onderwerp, die medium, die vaardigheid en die eenvoud of ingewikkeldheid van die werkstuk buite rekening gelaat moet word,<sup>4)</sup> is vir ons onaanneemlik. Ons kan nie iets uit niks skep nie.

(ii) Beperkte skepping; idealisme: Die tweede rigting in die Transvaalse kunsopvoeding grond die doelstelling op die menslike skepping in 'n beperkte sin. In 'n absolute sin kan ons dit alleen van God gebruik; maar die Almagtige Skepper het ook aan die mens kragte en gawes verleen. Op grond hiervan kan ons ook skeppend optree, maar ons is as mense gebonde

- 
1. Pearson: The New Art Education, 18.
  2. T.a.p., 43.
  3. Read: Education Through Art, 113.
  4. Pearson: The New Art Education, 18.

aan die Skepping van die Almagtige.<sup>1)</sup> Die skeppende handeling van die mens noem ons dan kuns, en die impuls om uiting te gee aan ervarings, die skeppingsvermoë.<sup>2)</sup> Die oorsprong van kuns lê in die strewe van die mens om skoonheid te leer ken. Die kunstenaar moet wel die vorme en verhoudinge wat die natuur ons toon, waarneem, opneem en weergee, maar alleen om in die verskynsels die orde van die skone te ontdek en om, met die hoër insig gewapen, 'n skoonheid te skep wat bo die skoonheid van die natuur uitstyg.<sup>3)</sup> Ook Sallwürk spreek die oortuiging uit:

„Überdies ist kein freies Schaffen möglich, wenn nicht der Stoff reichlich zur Hand und jedes technische Mittel erprobt und zum Gebrauch bereitgestellt ist.“<sup>4)</sup> Skepping veronderstel dus drie faktore, naamlik die mens, die omgewing en die medium.

b. Uiting: Beklemtoring van die Inhoud deur die Doelstelling.

Aan die Transvaalse laerskool word kuns vandag aanvaar as 'n middel waardeur die kind uiting kan gee aan sy gedagtes en gevoelens. Dit is by die kind 'n natuurlike drang om sy ervarings en belewings tot uiting te bring; daarom lê die waarde van die kuns aan die skool meer in wat uitgebeeld word as in die manier waarop dit gedoen word.

Die begrip wat aan die term "uiting" verbind word, is nog heelwat onseker, sodat 'n mens moeilik tot praktiese gevolgtrekkings kan geraak. Hoewel die vrye uiting van die kind in die literatuur oor kunsopvoeding<sup>5)</sup> as die grondbeginsel gepropageer word, word hierdie term slegs implisiet gebruik en kan as sinoniem van spontane uiting beskou word.

(i) Vrye uiting as 'n speelaktiwiteit: 'n Groot aantal van ons moderne kunsopvoeders gaan by die vertolking van die doelstelling van die gedagte uit dat vrye uiting 'n

- 
1. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 168 - 169.
  2. Mathias: The Teaching of Art, 1.
  3. Coetzee: t.a.p., 170.
  4. Sallwürk: Erziehung durch die Kunst, 56.
  5. T.O.D. Voorgestelde Leerplanne vir Grade tot Standaard VIII, 218 - 223.

innerlike kragsontplooiing is wat deur spel tot openbaring gebring word. Hier kan die kind hom vry uitlewe sonder dat sy verbeelding aan bande gelê word; hy skep sy eie werklikheid. Die pop waarmee die kind speel, is vir hom 'n kind en die akkers is sy osse.

Hierteenoor moet ons egter onthou dat spel 'n liggaamlike aktiwiteit sonder 'n voorafbepaalde doel is. Dit is nie skeppend nie maar alleen voorbereidend; want uit die speelimpuls word kuns gebore. Deur die speelbewegings word die kind vir alle organiese aktiwiteite geoefen, wat vir sy latere ontwikkeling noodsaaklik is, maar op sigself is hierdie spel nie 'n doelbewuste estetiese aktiwiteit nie.<sup>1)</sup> Die opvatting van vrye uiting as 'n speelaktiwiteit is opvoedkundig waardevol met betrekking tot die kleuters, maar dit kan nie in dieselfde mate op die ouer kind toegepas word nie. Die begrip dui nie op die estetiese wat tot beeldende of skeppende kuns lei nie.

(ii) Uiting is ontlading: Hierdie opvatting is vir ons onaanneemlik, omdat dit oorspronklik op 'n psigiese ontlading gegrond is en nie op die estetiese toegepas kan word nie. As die gees ontlaai of bevry is, bly daar niks oor wat as kiem vir die estetiese ontwikkeling beskou kan word nie. Bowendien setel kuns of die skeppingsdrang in die gevoel, en ons gee ons sonder weerstand oor aan die verloop van die gevoelens, sonder dat daar 'n behoefte tot ontlading ontstaan. Die oorsprong van kunsuiting berus op 'n strewe om skoonheid te leer ken en voort te bring.

(iii) Uiting is daarstelling of beskrywing: Dit is die standpunt wat deur die kunsonderwys van die verlede aan ons oorgedra is. Rawson sê: „Nature is man's first and last library.”<sup>2)</sup> Die natuur waaraan die mens sy lewe en bestaan te danke het, bring sy gees en emosionele lewe tot ontroering. Dit is aan

---

1. Sallwörk: Erziehung durch die Kunst, 149.  
2. Rawson: A Manual of Drawing, 3.

hierdie, deur die natuur opgewekte ontroering, dat ons sintuiglik waarneembare vorm wil gee. Deur die kuns wil ons aan hierdie indrukke, aanskouings en belewings wat nie deur woorde uitgebeeld kan word nie, gestalte gee. Aan die een kant wil die mens dus uitstyg bo die werklikheid wat hom omring, maar aan die ander kant is hy in sy skeppingswerk gebonde aan die gebruik van bestaande sintuiglike materiale. „... es ist der Widerspruch, an dem das ganze menschliche Leben leidet. Ihn zu leugnen, wäre ein Zeichen schwachen Geistes, denn des Menschen Bestimmung ist, dass er Herr werde über die Dinge.“<sup>1)</sup> Die mens is dus in sy skeppende uiting nie absoluut vry nie; hy moet die moontlikhede en beperkinge van die middele ken wat tot sy beskikking staan. „Jeder Künstler spricht die Sprache seiner Kunst; diese muss also zuerst erlernt werden.“<sup>2)</sup> In die kunsonderwys moet die kind dus eers 'n grafiese of plastiese woordeskat aanleer en dit dan prakties toepas soos taal in 'n opstel.

Hierdie begrip van uiting is vir ons aanneemlik wanneer dit van toepassing is op die kind gedurende sy realistiese stadium van ontwikkeling, maar dit is nie die geval by die kleuter nie.

(iv) Uiting is selfdaarstelling of selfvertoning: Die algemene strewende in die moderne opvoeding, naamlik om persoonlikheidsontwikkeling te beklemtoon, het in 'n groot mate ook daartoe bygedra dat in die kunsopvoeding 'n volle, vrye selfuitingsontwikkeling geëis word. In dié sin bestaan kuns dan uit 'n persoonlikheidsuiting. So sê Pearson: „... self-expression is expression of subject as interpreted through the prism of self. The self is not an end; it is a means.“<sup>3)</sup> Reeds van sy geboorte af begin die kind om uiting aan sy emosies en tempamente te gee. Ons kan hier egter onderskei

- 
1. Sallwürk: Erziehung durch die Kunst, 19 - 20.
  2. T.a.p., 21 - 22.
  3. Pearson: The New Art Education, 20.

tussen 'n doelgerigte of funksionele manier van uiting soos byvoorbeeld die hongerskree van 'n baba en 'n spontane of vrye manier van uiting soos plesier of woede. Die vrye uiting op die gebied van kuns is dan die ongedwonge vergestaltung van die geestelike aktiwiteite wat die persoonlikheid bepaal, naamlik die denke, die gevoel, die aandoening en die intuïsie. Ons het dus hier met 'n subjektiewe uiting te doen, wat gebaseer is op 'n behoefte om te skep en om bo die werklikheid uit te styg. Read beweert: „We are endowed, that is to say, with a free will, and in virtue of this freedom we strive rather to avoid the fixed and regular features of the laws of nature, and to express instead a world of our own - a world which is a reflection of our feelings and emotions, of that complex of instincts and thoughts which we call the personality.“<sup>1)</sup>

Hierdie standpunt van die moderne doelstelling is vir ons as opvoedkundiges om verskillende redes onaanneemlik.

In die eerste plek moet ons onthou dat die kind se persoonlikheid nog in wording is, en deur die opvoeder gevorm moet word. Dit is iets wat die kind nog skaars besit en wat sover dit hom betref, nog nie uitgebeeld kan word nie, soos wel deur die voorstanders van hierdie beweging bewoerd. Die onderwyser-opvoeder weet van hierdie „self“ van die kinders meer as hulle self en hulle wil dan ook nie daarmee bemoei word nie. Die kind is net so min 'n klein volwasse persoon soos 'n volwassene 'n opgevoede kind is. Hierdie fout word juis deur diegene begaan wat vrye selfuiting in die skool wil invoer, omdat die kind se siel daarna streef. Selfuiting kan nie onderrig word nie en daarom sou die werk van 'n opvoeder oorbodig wees.

In die tweede plek moet ons onthou dat die uitingsdrang en die verbeeldingsvermoë wel aangebore is maar nie die inhoud nie. Die kind kan nie aan sy fantasie sintuiglik

---

1. Read: Education through Art, 30 - 31.

waarneembare uiting gee nie, tensy hy 'n voorraad sintuiglike begrippe opgedoen het. Ons kan dus nie van die veronderstelling uitgaan dat die fantasiewêreld van die kind voor ons lê soos 'n oop boek waar ons slegs die plek hoef aan te dui waar die kind moet lees nie.<sup>1)</sup> Alle kuns is sintuiglik waarneembare uitbeelding, dit beteken dat die beperkte uitingsmiddele wat tot ons beskikking staan, wel deeglik in aanmerking geneem moet word.

In die derde plek is die opvatting van 'n absolute vryheid in die kind se uiting teenstrydig met ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing. By die mens as skepsel van God bestaan daar 'n affiniteit tot God en Sy Skepping, tot natuur en skoonheid. Hierdie drang tot gemeensaamheid is nie 'n behoefte om absoluut vry te wees van God, die natuur en die mens nie, maar om met hulle verenig te wees. Martin Buber noem hierdie eienskap die drang na „Verbundenheit“.<sup>2)</sup> Volgens hom is die antitese van dwang en afkeer nie vryheid of onafhanklikheid nie, maar gehegtheid en liefde, dit wil sê „Verbundenheit“! In die skeppende uiting van die kind sien ons dus nie 'n drang om absolute vryheid te geniet nie, maar om gehegtheid of „Verbundenheit“ te beleef. Vir ons is dit dus nie die vrye beoefening van 'n drang of drif wat belangrik is nie, maar die subjektiewe „Einfühlung.“ Vryheid of onafhanklikheid van God, die natuur en die medemens is 'n onmoontlike isolasie.

Die mens as skepper is 'n eensame figuur. Dit is alleen deur die kontak met 'n vriend, kameraad of geliefde dat hy 'n innerlike gemeensaamheid beleef. Ook die kind smag na hierdie „Verbundenheit,“ en sy uitingsaktiwiteit spruit nie voort uit 'n verlange om absolute vryheid en om afhanklikheid te geniet of om ander te domineer nie.

Ons erken dus wel die noodsaaklikheid om nie die

- 
1. Sallwörk: Erziehung durch die Kunst, 155.
  2. Read: Education through Art, 279 - 285. ( Enigste verkrygbare publikasie van Martin Buber se "Rede über das Erzieherische" 1926.)



spontaneïteit van die kind te onderdruk nie, maar ons is gekant teen die idee dat die kind aan homself oorgelaat word.

### 3. Kunsvlyt: Beklemtoring van Ontwerp en Konstruksie.

Ons het tot dusver die standpunte bespreek waarop die huidige doelstelling met die kunsonderrig in die Transvaalse laerskool berus. Ons bespreking bring ons nou tot die vorm en produk van die skeppende uiting wat deur die doelstelling beklemtoon word.

#### (a) Die Werkswinkel-idee: Nuttige Konstruksiewerk.

Deur die term "kunsvlyt" word reeds implisiet aangedui dat die maak en versiering van artikels beklemtoon moet word. „Die drang om dinge te maak is een van die mees algemeen erkende eienskappe van die kinderjare .... Handwerk is veral gemoeid met hierdie drang by die kind, die uiting van hierdie drang deur 'n sekere middel en die voldaanheid wat voortvloei uit die gewaarwording van die afgewerkte produk.<sup>1)</sup> Die doel is dan om mooi en nuttige dinge te skep en om sodoende die individu voor te berei vir 'n bruikbare en gelukkige lewe. Kunsvlyt moet dus iets kan gee vir die verbruiker, produsent en ontwerper.

Die voorstanders van die moderne kunsvlytonderrig is gekant teen die kuns- en handwerkonderrig van die verlede, omdat daardeur alleen een van twee tipes persone onderskeidelik opgevoed is, naamlik die praktiese persoon, met 'n uitvoeringsbekwaamheid maar sonder visie en die siener, sonder die vermoë om aan sy begrippe vorm te kan gee. Deur kunsvlyt word vandag daarna gestrewe om die tekortkominge in albei gevalle uit die weg te ruim. In die eerste plek moet inisiatief en skeppingsbekwaamheid ontwikkel word en in die tweede plek vaardigheid en uitvoeringsbekwaamheid, met ander woorde vertrouwdheid met materiale en gereedskappe. Hierdie eienskappe word ontwikkel deur konstruksie-aktiwiteite soos onder andere

---

1. T.O.D. Voorgestelde Leerplanne vir Grade tot Standard VIII, 196.

speelgoedmaak, kartonwerk, boekbind, weefwerk, borduurwerk, houtwerk en leerwerk.

Omdat die skoonheids- en die bekwaamheidsaspek in kuns- vlyt betrek word, kan kuns en handwerk nie geskei word nie, maar dit word tot een vak saangesmelt. Kuns word beskou as die inherente deel in die konstruksie van 'n artikel, en die vorm van die produk word bepaal deur ontwerp en materiaal.

b. Faktore wat die Vorm van die Produk bepaal.

(i) Ontwerp: Dit is nie die inhoud of die onderwerp wat die vorm bepaal nie, maar dit is die ontwerp wat 'n skepping of uiting effektief maak en wat dus as skakel tussen kuns en handwerk dien. Om die rede beskou Pearson die ontwerp as die emosionele plan waardeur dit moontlik gemaak word om 'n uiting te orden en daaraan vorm te gee.<sup>1)</sup> Hierdie sin om orde uit chaos te skep, die ontwerpsin, is volgens Pearson 'n aangebore eienskap en is van toepassing op alle kunste. Dit is die middel om skoonheid te kan skep en dien om die inhoud of onderwerp te vertaal en te dramatiseer.<sup>2)</sup> Maar onderwerp en ontwerp moet geamalgameer word om 'n grafiese, plastiese of konstruksionele beeld tot stand te bring. Om dit te bewerkstellig, word deur die doelstelling veral drie aspekte van die ontwerp beklemtoon, naamlik funksionele ontwerp, versiering en toegepaste ornament.

Die funksionele of strukturele ontwerp waardeur die nuttigheid en werkende funksie van 'n artikel moontlik gemaak word, vorm die basis van die kunsvlyt onderrig. Dit behels alles wat met die produksie gepaard gaan behalwe die vaardigheid. Tomlinson noem dit dan ook ontwerp in ruimte. „Design in the Round is the art of the constructive craftsman, and is subject to conditions imposed by material with due regard to utility.”<sup>3)</sup> Om die rede moet in die leerplan konstruksie-aktiwiteite in verskillende media beklemtoon word.

- 
1. Pearson: The New Art Education, 13.
  2. T.a.p., 44 - 45.
  3. Tomlinson: Crafts for Children, 35.

Versiering, as 'n onderafdeling van ontwerp, word onderrig alleen om die kind 'n begrip van die beginsels van ontwerp te gee. Hierdie beginsels staan in dieselfde verhouding tot ontwerp as grammatika tot taal.<sup>1)</sup> 'n Kennis van die beginsels is noodsaaklik om 'n uiting effektief en dramaties tot stand te bring. Daarom moet in die leerplan ook voorsiening gemaak word vir versieringsprosesse soos stempeldruk, sjabloneerwerk, papiervou, - skeur, - sny en vingerverf. Die gemak waarmee kinders sierontwerpe kan maak, sterk dan ook hulle selfvertroue in die konstruksie van artikels.

Toegepaste ornament word onderrig om aanpassing ooreenkomstig die medium, materiaal en nuttigheid te verklaar. Vir hierdie doel moet dan vlytaktiwiteite gegee word wat voldoende geleentheid vir die toepassing van versieringsprosesse bied, byvoorbeeld, toepassings van ornament op papiervouweefwerk-, leerwerk-, en houtwerkartikels.

Ons kritiek is nie gerig teen die funksie wat ontwerp in kunsvlyt vervul nie, maar teen die verwarring ten opsigte van skepping en konstruksie. So kan aan die een kant die dekoratiewe aspek sonder praktiese toepassing en aan die ander kant die konstruksieaspek met betrekking tot nuttigheid en uitvoeringsknapheid beklemtoon word. (Na hierdie te kortkoming word in paragraaf 4. verwys.

(ii) Materiaal: Die vorm van die skeppende uiting word in die tweede plek deur die materiaal bepaal wat ter beskikking staan. By die toepassing van ontwerp moet nie alleen die onderwerp nie, maar ook die aard, die moontlikhede en beperkinge van die materiaal in aanmerking geneem word. Elke proses en elke materiaal het sy eie bekoring. So sê Tomlinson: „... in order to perceive the inherent beauty of any object of useful art, it is necessary to know its method

---

1. Tomlinson: Crafts for Children, 52.

of construction and to be able to gauge the true relation of design to construction."<sup>1)</sup> Ontwerp en materiaal wat gebruik word is dus van die grootste belang.

#### 4. Verwarring tussen Skepping en Konstruksie.

##### (a) Die Anomalie in die Doelstelling.

Ons sterkste kritiek op die huidige doelstelling met kunsvlyt onderrig is gebaseer op die teenstrydige opvatting en toepassing van skepping en konstruksie, van kuns en uitvinding. Baie skole in Transvaal en selfs die offisiële leerplan maak hulle hieraan skuldig. In die inleiding tot die leerplan word 'n skeiding tussen kuns en handwerk as twee aparte vakke sterk afgekeur omdat „geeneen van die twee sy ware doel kan bereik tensy dit met die ander verbonde is nie."<sup>2)</sup> Ten spyte hiervan is daar 'n sterk oorbelling na die werkswinkelidee. Waar kuns en handwerk as verskillende uitingsmedia vir dieselfde estetiese aktiwiteit beskou moet word, word deur die leerplan die kunsateljee of die werkswinkel as alternatief genoem.<sup>3)</sup> Op grond van sy algemene nuttigheid geniet laasgenoemde die voorkeur. Die gevolg is dat ons met twee uiteenlopende doelstellings vir een en dieselfde vak te doen het, naamlik vrye skeppende uiting ten opsigte van kuns, en nuttige konstruksiewerk ten opsigte van handwerk of kunsvlyt. Waar tegniek en vaardigheid in eersgenoemde geval buite rekening gelaat word, vorm dit juis die basis vir sukses in laasgenoemde geval. So 'n anomalie is onheilspellend en verbreek eenvormigheid van strewe.

'n Kind wat 'n idee of beleving grafies of plasties uitbeeld, is besig met 'n vorm van geestelike aktiwiteit wat totaal verskil van konstruksiewerk. Die twee aktiwiteite kan alleen verwant wees wanneer albei op dieselfde estetiese vorms berus. Die kind kan dus in kunsvlyt hierdie estetiese

- 
1. Tomlinson: Crafts for Children, 84.
  2. T.O.D. Voorgestelde Leerplanne vir Grade tot Standard VIII, 196.
  3. T.a.p., 198.

gebied alleen dan betree wanneer dit wat hy produseer deur die kunssin bepaal word. Dat kinders hierdie sin besit, word nie betwis nie; maar niks strem hierdie sin meer as 'n te vroeë gebruik van instrumente en materiale wat akkuraatheid en netheid verg nie. Die hoedanigheid en kwaliteit van die materiaal moet eers gewaardeer kan word, voordat dit as 'n middel tot skoonheidskepping gebruik kan word. Op grond van hierdie feit word die kind in sy uitingsaktiwiteit gestrem, met die gevolg dat hy in sy strowe na 'n verwerwing van beheer oor die materiaal en gereedskap nie aan selfuiting of skoonheidskepping kan dink nie. Johnstone beweer: „... the emotion which drives an artist to create is not a matter of everyday mechanics.“<sup>1)</sup>

b. Die Emosionele en die Intellektuele Aspek.

Kuns en handwerk word vandag "kunsvlyt" genoem asof hulle op gelyke voet staan. Vir ons bestaan daar egter 'n wesenlike verskil tussen die twee. Handwerk of vlyt het te doen met meganiese konstruksiewerk wat deur die intellek beheer word. 'n Werkstuk berus hier nie op emosionele uiting nie maar op logiese of intellektuele uitvinding. So beweer Tomlinson: „... craft provides for the ordinary child a stronger incentive to intellectual effort than any other subject in the curriculum.“<sup>2)</sup> Die produk kan dus in dié opsig nie as 'n kunswerk beskou word nie maar as 'n gekonstrueerde uitvinding. Die kind word beloon deur 'n trots op prestasie; sy vreugde lê in sy uitvoeringsbekwaamheid en nie in sy skeppende uiting nie.

Vlyt wat gegrond is op die behoefte om dinge te maak, is dan die resultaat van die denke en is wetenskaplik van aard. Kuns wat gegrond is op die behoefte om belewings uit te beeld, is die resultaat van die gevoel en is esteties van aard. Om nou die estetiese met die wetenskaplike, die gevoel met die denke

- 
1. Johnstone: Child Art to Man Art, 13.
  2. Tomlinson: Crafts for Children, 3.

te verenig, sonder om die een ten koste van die ander te beklemtoon, is 'n onderneming wat bo die vermoë van die klein kind uitstyg en dus buite die bestek van die laerskool val.

5. Slot.

Die huidige onenigheid ten opsigte van die doelstelling met die kunsoopvoeding moet toegeskryf word aan die invloed van teenstrydige kunsrigtings. Die naturalisme, idealisme, ekspressionisme en konstruktivisme, elkeen met sy eie uitgangspunt, inhoudskeuse en metode van benadering, het in die opvoeding 'n verwarring ten opsigte van die begrippe skepping, uiting en konstruksie teweeggebring; so word onder andere skopping met konstruksie, kuns met vlyt verwar.

In die strewe om mooi en nuttige dinge te maak, word kuns en handwerk, wat in werklikheid twee wesensverskillende aktiwiteite is, tot een vak, naamlik kunsvlyt, saamgesnoer. Dit het 'n verreikende anomalie in die doelstelling meegebring. Vir een en dieselfde vak word aan die een kant vrye skeppende uiting en aan die ander kant meganiese konstruksie en uitvoeringsbekwaamheid bepleit. Om konsekwent te wees, moet kunsvlyt dan beskou word as 'n onderneming om die estetiese met die wetenskaplike, die gevoel met die denke te verenig.

Die swakheid van die huidige stelsel lê in die gebrek aan 'n uniforme beleid en konsekwente standpunt. Die Kunsopvoeding is nie slegs die onderrig in een of ander kunsvlyt-aktiwiteit nie, aangesien die doel, die benadering en die maatstawwe verskil. „It is the usefulness of such acquired skill (eye-and-hand co-ordination) as an ancillary to the normal logical and scientific curriculum of the school which has led to the fanatical defence of naturalistic modes in art teaching, and to a preference for 'craft' as opposed to 'art'.”